

2 Februarie 1 Tessalonisense 5:12-28 (1 Tess 5:16,17,18 OV)

Blydskap, gebed en dankbaarheid

Die nuwe kalenderjaar is een maand oud. Die geselligheid en rustigheid van die somervakansie is byna vergete, so ook die voornemens vir die nuwe jaar. Die lewe gaan maar weer sy gang - 'n gewone gang, selfs in wat vir ons soms ongewoon voorkom. Dit is 'n gang van lief en leed, van gesondheid en siekte, van verrassings en teleurstellings, van geboortes en sterfgevälle. En in hierdie lewe moet ons, as Skrifgelowiges, ons lewenstaak uitvoer en die regte perspektief behou. Die magte van die duisternis is sterk en word al sterker in ons vaderland. As die kind van God kyk na wat om hom en met hom gebeur, word hy al hoe meer eensaam en geïsoleer. Tog moet ons juis in hierdie wêreld ons lewe lei as lidmate van die strydende kerk en ons Godgegewe roeping uitvoer. Ons mag nie ons onttrek en in sak en as gaan sit om niks te doen nie! Hoe moet die gelowige in hierdie ongunstige tydsgewrig hom dan gedra? Wat verwag die Drie-enige God van sy kind? En dan kom Paulus met 'n pragtige aanmoediging aan die gemeente in Tessalonika. Hy sê dit maar in 'n paar kort sinne: "Wees altyddeur bly. Bid sonder ophou. Wees in alles dankbaar".

Die gelowige moet in alles en soms ten spyte van alles altyd bly wees. Niemand en niks op hierdie ou wêreld mag toegelaat word om sy vreugde van hom weg te neem nie (Joh. 16:22). Gedurigdeur moet ek my Vader opsoek in die gebed. In die binnekamer, by huisgodsdien, maar ook agter die stuurwiel en voor die rekenaar. By die lentetye in my persoonlike lewe, maar ook in die hartseer van teleurstelling. Altyd moet ek die Drie-enige God dank - in voorspoed en teëspoed; vir gesondheid, maar ook vir siekte. Hy, en Hy alleen, weet presies hoe swaar my kruis kan wees en hoeveel krag ek het om dit te dra. Ek kan nie anders as om uit die hart uit dankbaar te wees nie. My Here se seëninge oor my en my dierbares is so wonderlik groot teenoor die geringheid van sy beproewinge. Tereg sê die Psalmdigter: "'n Oomblik is daar in sy toorn, 'n lewe in sy goedgunstigheid" (Ps. 30:6).

Sing: Psalm 110:1, 2

Dr. I.L. Bekker (Die Moot)